LAERSKOOL FLORIDA

JY IS WAAR JY MOET WEES!

***LAERSKOOL FLORIDA INSKRYWING 2025***

Na aanleiding van die Jaarlikse Begrotingsvergadering op 8 Oktober 2024, is die skoolfonds vir 2025 as volg bepaal:

***Gr 00 - R***

Per leerder: R 2500 eerste paaiement (Januarie)
R 1 850 per maand Feb – Nov (R 21 000 per jaar)

Ingesluit in die skoolfonds is:

- Bak en Brou behoeftes
- Eerste stel Skoolfoto (nie bekroningsfunksie foto's nie)

Skryfbehoeftes R200 per kwartaal – word kwartaalliks by register Juffrou inbetaal

***Gr 1-7***

| | | |
|---|---|---|
| Vir een leerder in Laerskool Florida: | R 2 500 eerste paaiement | |
| | R 1 750 per maand Feb – Nov | (R 20 000 per jaar) |
| Vir twee leerders in Laerskool Florida: | R 5 000 eerste paaiement | |
| | R 3 500 per maand Feb – Nov | (R 40 000 per jaar) |
| Vir drie en meer leerders in Laerskool Florida: | R 7 500 eerste paaiement | |
| | R5 250 per maand Feb – Nov | (R 60 000 per jaar) |

Die betaling van die eerste paaiement sluit die volgende in:

- Skoolfoto-pakket met individuele- en klasfoto
- Vervoer na plaaslike buitemuurse aktiwiteite word gesubsidieer. Die ouers gaan 'n klein bedrag per rit moet inbetaal.

Vind asseblief, aangeheg die finansiële resolusies deur die ouers goedgekeur tydens die vergadering.

Die Januarie-paaiement moet teen 31 Desember 2024 al reeds betaal wees. Nadat die eerste paaiement betaal is, sal die uitstaande 10 betalings van skoolgeld vanaf 1 Februarie 2025 tot 1 November 2025 gehef word. Daar word 'n ernstige beroep op ouers gedoen om asseblief die eerste paaiement so gou moontlik te betaal. Ons moet reeds in 2024 die werkboeke, drukwerk en registrasies vir aanstaande jaar betaal.

***Elke leerder moet jaarliks her-registreer, dit is 'n Departementele verpligting. Sou ons nie 'n volledige her-registrasie ontvang nie, kan ons nie die leerder se plek verseker nie. Stuur asseblief die <u>voltooide vorms</u> <u>so gou moontlik</u> kantoor toe.***

Die uwe

***RS SWANEPOEL***
***SKOOLHOOF***

***C TOERIEN***
***BEHEERLIGGAAM: FINANSIëLE VOORSITTER***

***RESOLUSIE 1 – HEFFING VAN SKOOLFONDS***

1. Dat skoolfonds ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 en 39(1) van die Suid Afrikaanse Skolewet vasgestel en gehef sal word.
2. Dat die skoolfonds betaalbaar sal wees ooreenkomstig die begroting wat deur die Beheerliggaam voorgelê is.
3. Skoolfonds is 'n statutêre verpligting, dus is dit u prioriteit bo ander skuld.
4. Die skoolfonds word betaal in 11 paaiemente:
    - Eerste paaiement betaalbaar voor 31 Desember 2024;
    - Balans betaalbaar vanaf Februarie tot November 2025 vóór die sewende dag van elke maand.
5. Die betaling van skoolfonds strek vanaf Januarie tot November 2025.
6. Versnellingsklousule word goedgekeur, waar korting van:
    1. R 1 750 Gr 1 -7
    2. R 1 850 Gr RR & R (Een Maand se Skoolfonds) toegestaan word, indien die VOLLE bedrag betaal word vóór of óp 30 April 2025.
7. Die skoolbegroting, soos saamgestel, reflekteer die effek van die tendens van die nie-betaling van skoolfonds (slegte skuld), sowel as die verligting van die skoolfonds vir ouers soos bepaal deur die regulasies in ooreenstemming met Artikel 39(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 soos gewysig.
8. Laerskool Florida behou die reg, dat indien 'n ouer versuim om die skoolfonds te vereffen, nie 'n reëling vir die betaling daarvan te tref, of agterstallig raak, die volle uitstaande skoolfonds onmiddellik op te eis en as betaalbaar te ag. Verder behou Laerskool Florida die reg om die rekening aan 'n prokureur of skuldinvorderaar te oorhandig. Ouers sal dan verantwoordelik gehou word vir alle opsporingskoste, invorderingskoste asook prokureurs- en/of kliëntekoste.
9. Die skool mag inligting hou en inligting prosesseer van ouers wat skoolfonds moet betaal.

Die voorgestelde begroting, soos voorgelê, reflekteer die voorafgaande vereistes.

***RESOLUSIE 2– VERLIGTINGSVOORWAARDES***

1. Dat alles ouers verplig sal wees om skoolfonds te betaal, tensy hulle ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, enige toepaslike regulasies én hierdie besluit van sodanige betaling vrygestel is.
2. Dat ouers wat aanvoer dat hulle nie skoolfonds kan betaal nie, en daarom op algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van betaling van skoolfonds aanspraak maak ingevolge artikel 39(4) van die Skolewet, die regulasies wat daarin beoog word én hierdie besluit by die Beheerliggaam om sodanige vrystelling moet aansoek doen.
3. Dat die aansoeker die Beheerliggaam op oorwig van waarskynlikheid moet oortuig dat hy/sy op enige sodanige vrystelling geregtig is, deur skriftelik aansoek te doen deur die voorgeskrewe vorms volledig in te dien.
4. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige inligting aan te vra of in te samel as wat na die oordeel van die beheerliggaam nodig is vir die regverdige en billike beoordeling van 'n aansoek om vrystelling van betaling van skoolfonds.
5. Dat geen aansoek om vrystelling wat nié aan die voorskrifte van hierdie besluit voldoen, oorweeg sal word nie, tensy die Beheerliggaam oortuig kan word van buitengewone omstandighede wat die nie-nakoming van die prosedure regverdig.

6. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om die bevoegdheid om ‘n aansoek om vrystelling, soos wat hierbo bedoel word, te ontvang, te oorweeg en te beslis, aan ‘n komitee van die Beheerliggaam te delegeer.
7. Dat ‘n aansoeker wat hom/haar veronreg voel deur ‘n beslissing van ‘n komitee van die Beheerliggaam, soos wat in paragraaf 6 bedoel word, geregtig sal wees om binne sewe dae ná ontvangs van die uitslag van sy/haar aansoek skriftelik na die beheerliggaam te appèlleer. Die appèl sal nie deur die Beheerliggaam van die hand gewys word sonder dat die aansoeker geleentheid gebied is om mondelings aangehoor te word nie.
8. Dat, behoudens ‘n aansoeker se reg om ingevolge artikel 40(2) van die Skolewet na die Departementshoof van Onderwys te appèlleer, die Beheerliggaam se beslissing finaal sal wees.
9. Dat die enigste maatstaf waarvolgens die komitee van die Beheerliggaam sal oordeel of enige tipe vrystelling verleen sal word of nie, die aansoeker se voldoening aan die vrystellingskriteria sal wees, soos dit verskyn in die Skolewet en enige toepaslike regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is.
10. Dat hierdie besluit nie die ouer óf die skool daarvan weerhou om ‘n ooreenkoms aan te gaan om skoolfonds op ‘n ander wyse te betaal as wat hierin voorgeskryf word nie.
11. Dat die Beheerliggaam geregtig sal wees om sodanige vrystellingsvoorwaardes as wat redelik geag kan word, aan ‘n aansoeker op te lê.
12. Dat die Beheerliggaam swak betaling mag rapporteer aan ‘n Buro.

Die voorgestelde begroting, soos voorgelê, reflekteer die voorafgaande vereistes.

LAERSKOOL FLORIDA

JY IS WAAR JY MOET WEES!

## ***SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET WET 84 VAN 1996***

## ***Regulasie vir die vrystelling van skoolgelde***

(merk asb met 'n kruisie waar van toepassing)

| **NAAM VAN LEERDER:** | **GRAAD** | |
|---|---|---|
| | **/2025** | |
| 1. Het Laerskool Florida u ingelig oor die totale skoolgelde betaalbaar vir 2025? | JA | NEE |
| 2. Het Laerskool Florida u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolgelde, tensy u vrygestel word vir betaling van skoolgelde? | JA | NEE |
| 3. Het die skoolhoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir verligting van skoolgelde? | JA | NEE |
| 4. Wil u aansoek doen om verligtin van skoolgelde? ***(Indien u wil aansoek doen, rus die onus op u om die aansoekvorm by die kantoor af te haal.***) | JA | NEE |
| 5. Het u hulp nodig om bogenoemde aansoek te voltooi? | JA | NEE |

** LET WEL: Hierdie dokument is aan die dokument vasgeheg, wat ouers inlig oor die totale skoolfonds vir 2025, asook die resolusies rakende ouers se verantwoordelikheid van betaling en reg om aansoek om verligting te doen.

______________________________

NAAM EN VAN (OUER/VOOG)

______________________________ ______________________

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG DATUM

______________________________

MNR RS SWANEPOEL

SKOOLHOOF